







Ek het 'n werkplekmentor gekry – wat nou?

Welkom by die Solidariteit Gildes se Mentorskapprogram! Hierdie dokument wil jou help om die meeste uit jou mentorskap te kry. Hoe kan jy jou mentor nader, waaroor kan julle alles praat, en hoe kan jy volhoubare nuwe vaardighede aanleer?





-  So wat presies is mentorskap?
-  Hoe kry ek die meeste uit my mentorskap?
-  Hoe werk Solidariteit Mentorskap?
-  Wat kan ek as mentee met my mentor bespreek?
-  Wat is my volgende stap?






🔍 Hoe?

🔍 Wat?



So, wat presies is mentorskap?

Solidariteit se visie is dat ons lede vry, veilig en voorspoedig moet voortleef. Vir jou om voorspoedig in jou beroep te wees, is dit belangrik dat jy die nodige inligting en leiding van spesialiste in die beroep bekom. Jy weet dit reeds, daarom is jy hier! Mentorskap is die proses waartydens 'n ervare persoon met praktiese wysheid 'n jongmens of minder ervare persoon lei en adviseer. Ons noem hierdie minder ervare persoon 'n "memtee", wat verwys na die ontvanger van mentorskap.





Hoe?

Wat?



Hoe kry ek die meeste uit my mentorskap?

Onthou altyd dat die sukses van jou mentorskap baie van jou, die leerling, afhang. Jou mentor is hoogs suksesvol en h spesialis op die gebied van jou beroep, daarom is dit nodig en normaal dat die inisiatief van jou af moet kom.

Doen moeite om afsprake te vas te maak, want jou mentor se dagboek is heel moontlik baie voller as jou eie. Berei voor vir julle ontmoetings deur vrae neer te skryf wat jy dalk het, of terugvoer te gee oor vorige ontmoetings.

Ons stel voor dat jy jouself tydens jou eerste ontmoeting behoorlik aan jou mentor voorstel. Jy kan ook bietjie praat oor jou aspirasies – waar sien jy jouself oor vyf jaar en tien jaar? Jy moet ook duidelik stel wat jy graag uit die mentorskap wil kry.

Moet jou mentor advies gee oor wat jy moet lees of vir watter kwalifikasie jy volgende moet inskryf?

Moet jou mentor jou adviseer oor hoe om jou eie denke oor die werkplek te verbeter?

Wees eerlik oor jou behoefte terwyl jy realisties bly oor die tyd wat jou mentor aan jou sal kan afstaan.





 **Hoe?**

 **Wat?**



Hoe werk Solidariteit-mentorskap?


Solidariteit-mentorskap geskied tans hoofsaaklik aanlyn, met mentors en mentees wat deur Solidariteit se Gildes aan mekaar toegewys word. Die duur van hierdie mentorskap is 4-6 maande, en vereis van die mentor ongeveer twee uur per maand per mentee. 'n Maksimum van twee mentees per mentor word voorgestel.

Mentors wat op die Solidariteit-mentorskapblad geregistreer het, sal by 'n geskikte mentee gepas word. Na instemming van beide partye sal 'n ontmoeting aanlyn geskied waartydens die prosedure vorentoe verduidelik sal word.

Ons stel die volgende voor vir tydsindeling:

- **Een lang maandelikse vergadering (ongeveer 'n uur) waartydens dieper en meer komplekse kwessies bespreek word. Hierdie ontmoeting kan fisies of aanlyn geskied.**
- **Oproepe en informele boodskappe van ongeveer 30 minute per maand.**
- **E-posse van ongeveer 30 minute per maand.**

Hierdie indeling is bloot 'n riglyn. Na afloop van 'n periode van vier maande sal die organiseerder van die Gilde beide die mentee en die mentor kontak. Indien albei met die mentorskap wil voortgaan, word dit vir nog vier maande hernu. Na afloop van elke suksesvolle periode ontvang die mentor 'n sertifikaat wat ook in die toekoms op sy of haar Solidariteit-profiel sal verskyn. Die mentee kan vra vir 'n verwysingsbrief van die mentor af.





🔍 Hoe?

🔍 Wat?



Wat kan ek as **mentee** met my mentor bespreek?

Die doel van Solidariteit-mentorskap is werkplekmentorskap. Dit handel dus hoofsaaklik oor vooruitgang en groei binne die werkplek. Persoonlike groei vorm deel van die werknemer se loopbaan, dus kan persoonlikheidsaspekte ook aandag geniet, maar die loopbaan moet altyd eerste prioriteit geniet.

'n Moontlike benadering tot hierdie mentorskap kan wees:

- Behoeftebepaling. Voer 'n goeie aanvanklike gesprek oor wat jou behoeftes is.
- Agendastelling. Sodra jou behoeftes, beide professioneel en persoonlik, bepaal is, kan 'n lys opgestel word oor wat aangepak moet word.
- Voorbereiding. Die mentor sal inhoud voorstel wat die mentee voor hul volgende ontmoeting moet deurwerk, en dit oormerk as advies en leiding vir 'n bepaalde tema. Dit kan boeke, artikels, video's of selfs films wees.
- Oefening. Die mentor stel 'n bepaalde aksieplan voor, en die mentee probeer dit in sy of haar beroep toepas.
- Terugvoer en meting. Nadat 'n tema bestudeer of 'n oefening probeer is, gee die mentee aan die mentor terugvoer oor die effektiwiteit daarvan. Uiteindelik behoort die mentee self die intellektuele instrumente te ontwikkel om probleme uit te stryk nadat die mentorskap voltooi is.





Wat is my volgende stap?

Besoek Solidariteit se **Mentorskapblad** en begin vandag jou reis as leerling!



www.mentorskap.co.za